Kanjanji Children's Village

His heart, His hands, His little children

**No. 38 – 27 November 2009**

Kamuamba! (Hallo!)

Ek wonder of daar 'n mooier klank is as reëndruppels op 'n sinkdak in droogtetyd? Jy MOET 'n Afrika-kind wees om dit regtig te kan waardeer! Ons het goeie reën gekry en al die saad is in die grond. Ons help ook nou van die hulpbehoewendes in die gemeenskap, want saad en kunsmis is baie duur.

## Projekte

Daar is baie navrae oor wat ons hier doen, so vir dié wat nie weet nie, hier is ook 'n kort opsomming: Kanjanji Children's Village is op 'n klein stukkie van 'n ou vervalle tabakplaas 15km buite die dorpie Choma, in die suide van Zambië, geleë. Die stukkie grond, is net 4 hektaar groot en is deur die *chief* bewillig vir 'n gemeenskapsprojek.

Ek en my man, Lourie, het die roeping gekry om in samewerking met *Word of Life*, een van die plaaslike kerke, 'n weeshuis op te rig vir om en by 24 wesies. Ons het egter binne 2 maande nadat ons hier aangekom het besef dat dit GEEN oplossing sou bied vir die nood en die menigte wesies in ons onmiddelike omgewing nie. Nou is die 'weeshuis' gemeenskapsgebaseerd en die wesies word in hulle *villages* geidentifiseer en gehelp met onder andere skoolfondse, skooluniforms, skryfbehoeftes, voeding en kleding.

- **Voedingsprogram:** Ons het met 'n voedingsprogram begin by een van die plaaslike skole en vinnig besef die nood is te groot. Op Saterdae gee ons nou tussen 150 en 200 wesies van ses van die nabygeleë skole kos. Sowat 80 weeskinders se skoolfondse word betaal en hulle word voorsien van skooluniforms en skryfbehoeftes.
- **HIV Babavoedingsprogram:** Op Woensdae weeg en voed ons tussen 20 en 30 HIV babas wat ook wees gelaat is.
- **Voorskoolse program:** Ons het ook 'n voorskoolse ('pre-school') program 4 dae per week vir 112 kleintjies.
- **Weduwees:** Die inkomste wat deur die hammermeule en die klein plaaswinkeltjie gegenereer word, word aangewend om van die plaaslike weduwees te ondersteun. Ons besoek hulle op 'n gereelde basis in die



*Disabled widow receiving food*



*Lourie and Farming God's Way*

Kamuamba (Hallo!)

I do not think that there is a sweeter sound than rain drops on a tin roof in times of drought. Yes, we have had good rains and the fields have been planted with maize. Now we are assisting some of the needy in the community as maize seed and fertilizer are very expensive in Zambia.

## Projects

We have had some enquiries about what we are doing here in Zambia, so here is a short summary: Kanjanji Children's Village is situated on a small piece of land 15km outside the little town of Choma in the south of Zambia. It is only 4 hectares in size and was once part of a much bigger tobacco farm. This piece of land was made available by the local chief for such a community project as this.

My husband and I had the calling to come and set up and manage this project in conjunction with *Word of Life*, one of the local churches. The initial plan was to set up an orphanage for around 24 orphans, but we soon realised how great the need was and that we could never justify only helping a few. It is now a community based orphanage where orphans are identified and supported in their villages with school fees, uniforms, stationery, food and clothing.

- **Feeding programme:** We are feeding between 150 and 200 orphans from six of the surrounding schools on a Saturday and we are helping around 80 of them with school fees, stationery and school uniforms.
- **HIV baby feeding:** On Wednesdays we weigh and feed orphaned babies and those with mothers that are terminally ill with HIV/AIDS.
- **Preschool:** We have a preschool four days per week with 2 teachers, attended by 112 small children.
- **Widows:** The funds generated with the hammer mill and small the small farm shop that we run are used to support the widows in the community with food (maize meal, vegetables and dried fish) and fresh water and we visit them on a regular basis as far as 10km into the bush. We also provide them with sugar beans so that they can generate some income for themselves.

*villages*, sommige so ver as 10km die bosse in. Kos (mieliemeel, groente en kapenta) en vars water word vir hulle gegee. Ons verskaf ook bone aan die weduwees om vir hulself 'n inkomste mee te kan genereer.

- ***Farming God's Way'*****:** Buiten die groente-, hoeder- en varkboerdery het ons ook 8 boerbokke wat melk moet verskaf vir die babas. Mielies word geplant en geoes. Lourie leer die gemeenskap om die beginsels van *'Farming God's Way'* te volg.
- **Rekenaarklasse:** Ons het 'n rekenaarkamer met 6 geskenkde rekenaars waar Mike, die voolskoolse onderwyser, lesse aanbied vir kinders en ander gemeenskaplede.
- **Bouwerk:** Soos wat daar fondse beskikbaar is, is ons deurlopend besig met bouwerk op die perseel om basiese fasilieteite soos 'n saal, twee klaskamers, badkamers, ens. op te rig.

Verder trek Lourie tande op die voorstoep en die pasiënte betaal met 'n hoender.

Hierdie projekte word meerendeels befonds deur donasies van individue soos julle. Baie dankie vir julle bydraes! Soos julle kan sien word baie kinders en ook die omliggende gemeenskappe se lewens daardeur verander.

Dis net in kort – vir meer inligting besoek gerus ons webblad: **www.kanjanji.com**

## Gebedsversoeke

- Sê asb saam dankie vir die reën.
- Bid asb vir al die kinders wat nou eksamens aflê.
- Bid ook asb vir ons gesondheid (veral teen malaria).
- Bid ook asb vir die saaityd wat nou voorlê vir almal – dis 'n belangrike tyd om hongersnood te breek.
- Bid ook asb dat ons transformator sal hou met die swaar weer.

Lesa amoleleke (God seën u)!

**Lourie & Gisela Ferreira**

**childrensvillage@kanjanji.com**

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië



*School children in need of benches*



*Orphans received jerseys and uniforms*



*Lourie's dental surgery*

- **Farming God's Way:** We have planted and cultivated maize fields as well as a number of vegetable gardens, two chicken coups and a small piggery. We also have a herd of 8 goats which we hope will soon start supplying milk for the baby programme. Lourie is teaching the local community to follow the principles of 'Farming God's Way'.
- **Computer classes:** We also have a basic computer room with six computers that have been donated. Mike, the preschool teacher, teaches basic computer skills to some of the children as well as other members of the community.
- **Building projects:** As funding has been available, we have proceeded with building projects to erect basic facilities (such as the chicken coups, the piggery, a meeting hall, two class rooms, dormitories, bathrooms, etc.) on the site.

Lourie has his dental surgery on the front porch and patients are paying with chickens for tooth extractions.

These projects are mostly sponsored by donations received from individuals like you. Thank you! As you can see, it is making a big difference in the lives of these children and also the surrounding communities.

This is only in short. For more information please visit our website: **www.kanjanji.com**

## Prayer requests

- Thank God for the good rains.
- Please pray for the children writing exams now.
- Also please pray for our general health in the malaria season.
- Please pray for a good maize harvest for everyone in the community – to break the poverty.
- Please pray that the transformer would withstand all the lightning during thunder storms.

Lesa amoleleke (God bless you!)

**Lourie & Gisela Ferreira**

**childrensvillage@kanjanji.com**

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji
Children's Village
His heart, His hands, His little children